Om hierdie groei suksesvol te bestuur, is 'n kernprioriteit om te verseker dat die UV sy horisonne as 'n universiteit van uitnemendheid, billikheid en innovering kan verbreed.

Saam met hierdie groei- en beleggingsfase het die UV ook 'n nuwe fase in sy transformasie-agenda geloods, 'n proses wat 'n omvattende padkaart vir die toekoms van die UV sal lewer.

Die UV is inderdaad aan die voerpunt van hoëronderwystransformasie en akademiese vernuwing, 'n feit wat deur die eertydse President Nelson Mandela erken is toe hy in November 2001 'n eredoktorsgraad van die UV ontvang het.

Hierdie pioniersrol in hoër onderwys is iets waarop ons by die UV baie trots is en dit is 'n rol wat ons beoog om steeds te vertolk soos wat ons universiteit en ons land worstel met die taak van die bou van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, multikulturele en veeltalige samelewing.

**Prof. Frederick Fourie,  
Rektor en Visekanselier**





Die hoofingang van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein.

## *Topspan aan die spits by die Universiteit van die Vrystaat*



Prof. Frederick Fourie  
Rektor en  
Visekanselier

Prof. Frederick Fourie is 'n gegradueerde van die Universiteit van die Vrystaat en hy het 'n Ph.D.-graad in Ekonomie aan die Harvard-universiteit verwerf. Hy is in 1982 as professor in Ekonomie aan die UV aangestel op die ouderdom van 29 jaar en as buitengewone professor in 1998, en het meer as 60 wetenskaplike artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer. Hy is 'n voormalige dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en voormalige Viserektor: Akademie. Hy het op 1 Januarie 2003 Rektor en Visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat geword.



Dr. Ezekiel Moraka  
Viserektor:  
Studentesake

Dr. Ezekiel Moraka het teologiese opleiding ontvang asook 'n B.Ed. Administrasie aan die Universiteit van die Noorde. Daarna was hy werksaam as predikant, hoërskoolonderwyser en dosent by 'n onderwyskollege. Hy ontvang 'n Ph.D. in Onderwysbestuur van die Universiteit van Pretoria in 2001. In 1995 word hy as Hoof: Maatskaplike Studentedienste aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1998 word hy Hoof: Studentesteun en in 2001 Dekaan van Studente. Hy word in Januarie 2004 as Viserektor: Studentesake aan die UV aangestel.



Prof. Driekie Hay  
Viserektor:  
Akademiese Beplanning

Prof. Driekie Hay beskik oor 'n Ph.D. in Onderwys en het aan verskeie hoër- en volwassene-onderwys instellings onderrig gegee en in hoër- en volwassene-onderwys gespesialiseer. Sy was Visepresident van die SA Vereniging vir Navorsing en Ontwikkeling in Hoër Onderwys en is 'n lid van die uitvoerende komitee van die Vereniging vir Hoër- en volwassene-onderwysleer en -onderrig van Suider-Afrika (HELTASA). Sy was voorheen die Direkteur van die Sentrum vir Hoër- en volwassene-onderwysstudies en -ontwikkeling aan die UV. Sy is in 2004 as Dekaan: Akademiese Ontwikkeling aan die Sentrale Universiteit vir Tegnologie aangestel en as Viserektor: Akademiese Beplanning aan die UV vanaf 1 Januarie 2008.



Prof. Teuns Verschoor  
Viserektor:  
Akademiese Bedryf

Prof. Teuns Verschoor behaal die grade B.Iuris, LL.B. en LL.D. aan die Universiteit van Pretoria. Hy is as senior lektor in die Departement Strafreë en Mediese Reg aan die UV in 1979 aangestel en het in 1981 professor en hoof van die departement geword. In Oktober 1994 word hy die eerste Dekaan van Studente. Hy was medevoorsitter van die Breë Transformasieforum en is as voorsitter van die UV se Institusionele Forum in 2001 verkies. Prof. Verschoor is op 1 Januarie 2004 as Viserektor: Akademiese Bedryf aan die UV aangestel.




Rev. Kiepie Jaftha  
Hoofdirekteur:  
Samelewingsdiens

Ds. Kiepie Jaftha is 'n deeltydse predikant en het sy graad- en nagraadse studies aan Unisa, die Noordwes-Universiteit en die UV voltooi. Hy het senior bestuursposisies in die Nasionale Departement van Openbare Werke, die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie en Business Partners beklee. Hy het ook 'n leidende rol gespeel in die vestiging van die Transformasiekomitee van die UV, is daarna verkies om op die Raad van die UV te dien, onder ander as ondervoorsitter. In 1999 is hy as die Hoofdirekteur: Hulpbronbestuur aan die UV aangestel. Sedert September 2001 staan hy aan die spits van die Hoofdirektoraat: Samelewingsdiens.



Prof. Niel Viljoen  
Hoofdirekteur:  
Bedryf

Prof. Niel Viljoen is 'n alumnus van die UV en het sy M.Com. (Ekonomie) in 1974 behaal. Vanaf 1976-1980 was hy lektor in die Departement Ekonomie. Hy het hom weer by die UV aangesluit as die Direkteur van die Sentrum vir Bestuur en Ontwikkeling en in 1998 het hy die Stigtingsdirekteur van die Bestuurskool van die UV geword. In 1999 is hy as Direkteur: Begrotings van die UV aangestel. Hy word Hoofdirekteur: Bedryf in 2001.



4

Die kleurvolle optog van die aangrensende Grey-kollege na die Hoofkampus van die Universiteit van die Vrystaat in 2004 was 'n simbool van die lang pad waar langs die Universiteit sedert sy ontstaan in 1904 tot sy huidige status as toonaangewende Universiteit gekom het.

## *Van die verlede na die Hede*

In 2004 het die UV sy eeufees gevier. 'n Skouspelagtige optog vanaf Grey Kollege, waar die UV se wortels is, na die aangrensende kampus van die UV, het hierdie reis van 100 jaar van die verlede na die hede gesimboliseer.

Natuurlik is die instelling van 1904 met sy inname van ses studente ver verwyderd van die huidige UV met sy 25 000 ingeskrewe studente, waarvan meer as sestig persent swart is.

In 1904 was 'n B.A.-graad die enigste studie-opsie. Nou is daar oor 'n duisend studie-opsies beskikbaar, asook gevestigde navorsingskundigheid en nagraadse studiegeleenthede in ses fakulteite, te wete die Fakulteit Geesteswetenskappe, die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, die Fakulteit Regsgeleerdheid, die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die Fakulteit Teologie.

Aanvanklik was die onderrigtaal Engels, maar later is Afrikaans as 'n onderrigmedium in verskeie kombinasies met Engels bygevoeg. Na 1948 is dit verander na 'n onderrigmedium van slegs Afrikaans. In 1993 het die UV egter 'n parallelmediumonderrigbeleid aanvaar wat klasse in Engels en Afrikaans bekend gestel het en wat die UV die eerste histories Afrikaanse universiteit gemaak het om dit te doen.

Vir die grootste gedeelte van sy bestaan is die UV as 'n enkelkampus in

Bloemfontein bedryf, maar sedert 2003 word die UV as 'n multikampus-universiteit bedryf na aanleiding van die herstrukturering van hoër onderwys.

In Januarie 2003 is die voormalige Qwaqwa-kampus van die Universiteit van die Noorde by die UV geïnkorporeer (die eerste sodanige inkorporering in die land). Dit is in Januarie 2004 gevolg deur die inkorporering van die Vista-universiteit by die Bloemfontein-kampus.

In 1904 het die instelling as die Grey University College bekend gestaan. Sedertdien het die Universiteit verskeie naamsveranderinge ondergaan, die laaste hiervan die verandering na die Universiteit van die Vrystaat (UV) in 1996 om die nuwe realiteite van die kampus en die provinsie te weerspieël.

'n Gradeplegtigheid op die Qwaqwa-kampus van die UV wat in Januarie 2003 by die Universiteit van die Vrystaat geïnkorporeer is.





Die Sentrum vir Afrika-studies het aan die einde van 2007 geopen. Die sentrum sal betrokke wees by uitdagings in Afrika. Prof. Philip Nel, voorheen hoof van die sentrum.



Me. Elmé Breedt (van Pretoria) en mnr. Edward Jurua (van Uganda) wat hul meestersgrade in Fisika aan die UV gekry het en sertifikate in die National Astrophysics Space Science Programme ontvang het.

## *Globale verbintenis via Afrika en verder*

---

Die kennis en kundigheid wat onder die akademië aan die UV te vind is, word nie net plaaslik nie, maar ook wêreldwyd erken.

Dit is die ervaring regoor al ses fakulteite van die UV en is die tendens wat die bestuur van die UV wil aanmoedig met die aanvaarding van 'n internasionaliseringbeleid. Die Internasionale Kantoor het twee hoofkomponente gemik op navorsingsontwikkeling en doeltreffende ondersteuningsdienste vir nagraadse sowel as internasionale studente. Daar is verskeie samewerkingsooreenkomste met ander universiteit regoor die wêreld, asook studente-uitruilprogramme.

In vennootskap met die Ford-stigting, het die Fakulteit Regsgeleerdheid die Magistergraad in Genderregte, spesifiek vir nagraadse studente uit Afrika, geloods. Die UV tree ook as gasheer op van die enigste Geneties Gemanipuleerde Organismes (GMO)-toetsfasiliteit in Afrika en het aan navorsing in hierdie area deelgeneem.

Vanweë sy kundigheid in gelyktydige tolking, het die UV sodanige tolkdienste aan die verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gelewer en is 'n nasionale kontrak om hoftolke op te lei is aan die UV toegeken.

Die Departement Musiek is betrokke by 'n internasionale navorsingsprojek oor Musiek en Identiteit.

Die Skool vir Medisyne in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe lei

voorgaande studente van Botswana op en die Departement Huisartskunde, in samewerking met die Boston-universiteit, sal behulpsaam wees met die opleiding van dokters in Lesotho.

Die UV is die eerste tersiêre instelling in die wêreld wat 'n opland-reënwaterinsamelingstegniek op 'n kommersiële skaal gemeganiseer het wat sal help om voedselsekureit te verhoog. Die Sentrum vir Ontwikkelingsteun (CDS) en akademiese personeel van die Departement Ekonomie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, was betrokke by die voorbereiding van twee agtergrondsdokumente binne die konteks van die African Peer Review Mechanism van die Afrika-Unie (AU).

In 2007 het die UV die Sentrum vir Afrika-studie geopen as deel van die instelling se strategiese visie en herposisionering ooreenkomstig die rol wat dit in Afrika wil speel. Die Sentrum sal op 'n innoverende wyse by die uitdagings van die kontinent betrokke wees.

Die Departement Antropologie aan die UV huisves die sekretariaat van die Nasionale Khoi-San Oorlegplegende Konferensie. Die Eenheid vir Khoi- en San-studies is ook gevorm om navorsing onder hierdie inheemse volke in Suider-Afrika te doen. Die eenheid het internasionale befondsing van R1,8 miljoen ontvang.



Die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, het koning Letsie III van Lesotho in 2004 ontmoet om sy ondersteuning vir die Moshoeshoe-erfenisprojek te kry.



Die voormalige Minister van Verdediging, mnr. Mosiuoa Lekota, het 'n boodskap gelewer ter ondersteuning van die eerste Koning Moshoeshoe-gedenklesing wat op 25 Mei 2006, Afrikadag, gehou is.

## *Moshoeshoe se Nalatenskap vereer*

Die eerste Koning Moshoeshoe-gedenklesing by die UV is op Afrika-dag 25 Mei 2006 gehou, 'n gebeurtenis wat as waarlik histories beskryf is deur baie hoëprofiel-waardigheidsbektelers wat dit bygewoon het. Die gedenklesing ter ere van hierdie groot Afrika-leier is deel van 'n breër Moshoeshoe-erfenisprojek wat in 2004 deur die UV geloods is as deel van die Universiteit se eeufeesvieringe en as deel van die eerste dekade van demokrasie in Suid-Afrika.

Sommige van die waardigheidsbektelers wat die lesing bygewoon het, was die Minister van Verdediging, mnr. Mosiuoa Lekota, Morena Matheadira Seeiso, 'n senior verteenwoordiger van Sy Majesteit Koning Letsie III van Lesotho, die Kanselier van die UV, dr. Franklin Sonn, verskeie Lede van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat (LUR'e), Lede van die Parlement asook tradisionele leiers, sakeleiers en verteenwoordigers van kulturele organisasies.

Die lesing "Perspectives on the leadership challenges in South Africa" is deur prof. Njabulo Ndebele, internasionaal erkende skrywer en Rektor van die Universiteit van Kaapstad, gelewer. Die Koning Moshoeshoe-gedenklesing sal elke

twee jaar gelewer word as 'n bydrae tot die nasionale en internasionale diskoers oor leierskap, veral Afrika-leierskap, asook wat betref kwessies van nasiebou en versoening.

Die Moshoeshoe-erfenisprojek poog om 'n baie besondere model van Afrika-leierskap te vereer wat deur koning Moshoeshoe aan die dag gelê is om nasiebou en versoening teweeg te bring op 'n tydstip van groot maatskaplike omwenteling in Suider-Afrika gedurende die negentiende eeu.

Die spesifieke doelwitte van die Koning Moshoeshoe-erfenisprojek is:

- om toepaslike erkenning aan koning Moshoeshoe en sy nalatenskap te gee;
- om by te dra tot die nasionale en internasionale diskoers oor versoening en nasiebou
- om akademiese geleenthede vir navorsing, onderrig en samelewingsdiens te bevorder;
- om 'n bewustheid en waardering van die gedeelde geskiedenis van die provinsie en die land onder UV-personeel en -studente (en die breër Vrystaat-gemeenskap) te kweek;
- om uitdrukking te gee aan die verbintenis van die UV om die geskiedenis, kulture en tale van alle mense van die Vrystaat te aanvaar en te vier.



Prof. Njabulo Ndebele, me. Susan Mnumzana (LUR vir Sport, Kuns, Kulture, Wetenskap en Tegnologie), mnr. Mosiuoa Lekota (voormalige Minister van Verdediging) en mnr. Neo Masithela (LUR vir Toerisme, Omgewingsake en Ekonomiese Aangeleenthede) was van die gaste wat die eerste Koning Moshoeshoe-gedenklesing by die UV bygewoon het.



Prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Personeel en studente van die pryswennende Departement Drama en Toneelkunde. Die departement het oor die jare verskeie toekennings vir hul prestasies gewen. Hier is 'n span wat in 2008 toekennings by 'n nasionale kunstefees gekry het.

## *Fakulteit Geesteswetenskappe*

As die grootste fakulteit op grond van personeel- en studentegetalle, spog die Fakulteit met volgehoue navorsingsuitsette van meer as 100 geakkrediteerde artikels en omtrent 50 ander publikasies, soos boeke, hoofstukbydraes en navorsingsverslae. Ongeveer die helfte (omtrek 75) van die referate wat jaarliks gelewer word is by internasionale konferensies.


Sterk punte met betrekking tot navorsing van spesifieke belang handel oor kwessies rondom gesondheid (byvoorbeeld die dokumentering, monitering en fasilitering van die uitrol van antiretrovirale middels vir persone wat met MIV/vigs in die Vrystaat besmet is) en taal (byvoorbeeld veeltaligheid en moedertaalonderrig).

Die Fakulteit is verbind tot dienslewering en betrokkenheid by die onmiddellike gemeenskap – waarvan die ryke verskeidenheid van projekte 'n bewys is. Een van die Fakulteit se vlagskipprojekte is die "Artists in School"-projek waar kunstenaars kunstenaar-opvoeders word, en kunst- en handwerkprojekte in skole aanbied. Onderwysverwante projekte het te doen

met die verbetering van die infrastruktuur van skole, asook indiensopleiding van Wetenskap-, Wiskunde- en Engels-onderwysers.

Die Departement Drama en Teaterkuns streef daarna om die inheemse tale en kultuur te bevorder deur die ontwikkeling en uitvoering van spesifieke Suid-Sotho-produksies. Hulle gebruik ook die medium van industriële teater vir projekte oor misdaadvoorkoming en die bekamping van MIV/vigs, terwyl Sielkunde-studente ondersteuning aan traumaslagoffers verleen. In die Mangaung Strings Programme verskaf die Departement Musiek, in vennootskap met die provinsiale regering, teoretiese en praktiese lesse in strykinstrumente aan honderde jong leerdere.

Die UV het as deel van sy Eufeesvieringe in 2004 verskeie eredoktersgrade aan toonaangewende Suid-Afrikaners toegeken. Onder hulle was prof. Jakes Gerwel, voormalige direkteur-generaal in die kantoor van Pres. Nelson Mandela.





Die UV het 'n kernmagnetiese resonans-spektrometer geïnstalleer wat die instelling aan die voerpunt van chemiese navorsing in Afrika geplaas het. Hier is, van links: prof. Frederick Fourie, Rektor en Vise-kanselier, dr. Detlef Müffler van Bruker, Duitsland, prof. Jannie Swarts, Hoof van die afdeling Fisiese Chemie, en prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe.



By die bekendstelling van die BioPAD Platform vir Metagenomika was, van links: dr. Siyabulela Ntulela, Adjunkdirekteur: Biotegnologie van die Departement Wetenskap en Tegnologie, Godfrey Netswera, bestuurder van Thuthuka en die Ondersteuningsprogram van die Nasionale Navorsingstigting, prof. Esta van Heerden, platvormbestuurder en dosent, mnr. Butana Mboniswa, uitvoerende hoof van BioPAD, en mnr. Vuyisele Phehani, portefeuljebestuurder vir BioPAD.

## *Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe*

---

Deur middel van uitgebreide navorsing, wêreldklasonderrig en gemeenskapsdiens, het hierdie Fakulteit homself as 'n instelling geposisioneer waar daar waarlik geen plaasvervanger vir uitnemendheid is nie.

Oor die jare heen is 'n reputasie gevestig vir navorsing in areas wat poog om praktiese oplossings te genereer vir die uitdagings van ontwikkeling in Suid-Afrika en die kontinent. Dit word gedoen in velde so divers soos parasitologie, omgewings- en waterhulpbronbestuur, fisika, chemie, mikrobiologie en voedseltegnologie, landbou-ekonomie, volhoubare landbou asook nuwe gewasontwikkeling, om maar net 'n paar te noem.

Die Fakulteit se navorsingsuitsette is versterk deur die volgende doelbewuste strategie om topgehalte-wetenskaplikes en navorsers te lok asook die verkryging van duur laboratoriumtoerusting. Die volgende is enkele van die hoogtepunte:

- Die inwyding van 'n BioPAD Platform vir Metagenomika by die Departement Mikrobiëse, Biochemiese en Voedselbiotegnologie, wat deel vorm van 'n netwerk van spesialisplatforms vir navorsing in Suid-Afrika. BioPAD is 'n biotegnologie-streeksinnovasiësentrum, gevestig deur die nasionale Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT). Die BioPAD Raad van Trusteë het 'n biotegnologie-navorsingskontrak ter waarde van R13,7 miljoen aan die UV

toegeken. Dit is een van die grootste navorsingskontrakte wat die afgelope aantal jare aan die UV toegeken is.

- Pulane Mahlaka, 'n B.Sc. (Bourekenkunde)-student in haar finale jaar by die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, het akademiese geskiedenis gemaak deur die eerste swart student te word aan wie 'n goue medalje toegeken is as Uitsonderlike Finalejaarstudent van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars (VSABR).
- Die opgradering van die fasiliteite van die Departement Chemie ter waarde van R40 miljoen is reeds aan die gang. Wanneer dit voltooi is, sal die Departement van die mees gevorderde navorsingstoerusting in Afrika hê.
- Die opgradering van die Boydensterweg, 'n erkende internasionale navorsingsfasiliteit, vind in fases plaas.
- Die Afrika-onderrigsentrum in Ramprisikobestuur (DiMTEC) het 'n magistergraad-beursprogram daargestel, befonds deur die Departement Wetenskap en Tegnologie, die Departement Waterwese en Bosbou en die Nasionale Rampbestuursentrum.
- Die Lengau Landbou-ontwikkelingsentrum spesialiseer in die opleiding van opkomende boere, plaaswerkers en entrepreneurs in landboubesigheid. Sy fasiliteite word grootliks gebruik om die behoeftes van nuut ingeburgerde, opkomende en kommersiële swart boere aan te spreek.



Mnr. Jacob Zuma, president van die ANC, het 'n gedenklesing oor Versoening en nasie-bou aangebied. Van links is: prof. Tienie Crous, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, mnr. Zuma, prof. Magda Fourie, destyds Viserektor: Akademiese Beplanning, en prof. Moses Sindane, Hoof van die Departement Openbare Bestuur.

## *Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

Die Fakulteit bied 'n verskeidenheid graad- en kortleerprogramme vir die privaat- en openbare sektor aan, asook vir die opleiding van rekenmeesters. Deur sy Bestuurskool bied die Fakulteit 'n geakkrediteerde MBA-program aan asook 'n unieke voorgraadse bestuursleierskap-gradprogram wat volwasse leerders teiken en op die erkenning van voorafleer gegrond is. Die magisterprogram in Ontwikkelingstudies wat deur die Sentrum vir Ontwikkelingsteun aangebied word, verdien spesifieke vermelding, gegewe die omvang en aard van die kurrikulum, en die samestelling van studente wat ook volwasse leerders is en van regoor Suid-Afrika en Afrika afkomstig is.

Verskeie samewerkingsooreenkomste is oor die afgelope ses jaar met hoërleerinstellings in die VSA, Europa, Afrika en Indië onderhandel om die norme rakende die uitruiling van doserende personeel en studente doeltreffend te bepaal en te fasiliteer. Deur hierdie inisiatief word personeel in staat gestel om oorsee te werk, terwyl studente oorsee kan studeer. Blootstelling en ondervinding wat deur hierdie inisiatief verkry word, het 'n positiewe impak op akademiese gehalte in die algemeen. Kundigheid omtrent die impak van MIV en vigs is ook in die Fakulteit gevestig deur navorsing wat aan die voorpunt is, en navorsing oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling, die jeug en veral die openbare

sektor, is ook fokuspunte in akademiese strewes.

Die Bestuurskool het die "High Performing Directors and Governance"-program in samewerking met ABSA bekend gestel om rolspelers in die korporatiewe bestuursomgewing te bemagtig, soos uitvoerende en nie-uitvoerende direkteurs, trustees en raadslede. Die Fakulteit is ook welbekend vir sy betrokkenheid by die opleiding en ontwikkeling van openbaresektor-amptenare in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Bestuurs- en Ontwikkelingsinstituut.

Die Sentrum vir Ontwikkelingsteun het 'n goue toekenning by die Vrystaat se Premier's Excellence Award-funksie vir navorsing en ontwikkeling ontvang. Hierdie strewes tot uitnemendheid deur personeel word ook weerspieël deur die feit dat vier personeellede NNS-gegradeerde navorsers is. 'n Kollega het die Stals-prys vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ontvang, terwyl 'n ander een na die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling in Parys, Frankryk, gesekondeer is om as navorsingskonsultant in die veld van openbaar-private vennootskappe vir 'n periode van twee maande te werk.

In 2007 het die Students in Free Enterprise (SIFE)-span van die Fakulteit weer die nasionale kampioenskap gewen en Suid-Afrika by die internasionale vergadering van SIFE in New York verteenwoordig.

## Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Die Fakulteit is een van die beste in die land en is trots op die hoë gehalte professionele persone wat dit in sy drie skole lewer, naamlik die Skool vir Medisyne, die Skool vir Verpleegkunde en die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepes.

Die Skool vir Medisyne bied twee voorgraadse programme aan. Die mediese program is die oudste program in die Fakulteit en was een van die eerste twee in die land om van 'n sesjaar- na 'n vyfjaarkurrikulum om te skakel met sy eerste gegradueerdes in 2004. Dit is deur die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika geakkrediteer. Die program vir Mediese Stralingswetenskaplikes spreek die tekort aan hierdie professionele persone in die Suid-Afrikaanse gesondheidstelsel aan, ten spyte van die feit dat hul slegs 'n klein hoeveelheid studente inneem. Die skool het ook 'n aantal nagraadse programme.

Die Skool vir Verpleegkunde speel 'n belangrike rol om die kritieke tekort aan verpleegpersoneel in Suid-Afrika aan te spreek. Benewens die voorgraadse verpleegprogramme is daar 'n aantal na-basiese programme wat indiensopleiding aan verpleegkundiges verskaf en hulle sodoende met kennis en vaardighede toerus wat in die hedendaagse verpleegpraktyk vereis word.

Die Skool vir Aanvullende Gesondheidsprofessies lei

fisioterapeute, arbeidsterapeute, optometriste en dieetkundiges op. Hierdie professionele persone in die gesondheidsbedryf is, soos al die ander, skaars in die land.

Die Fakulteit is ook op groot skaal by gesondheidsleweringsprojekte aan die plaaslike Mangaung-gemeenskap betrokke asook by uitreikprogramme aan die res van die Vrystaat en dele van die Noord-Kaap.

Die hoë gehalte van akademiese personeel spruit voort uit die gehalte van akademiese programme, deelname aan verskeie professionele en nasionale organisasies en die Fakulteit se bydrae tot navorsing. Die Eenheid vir die Onderrig van Gesondheidsprofessies is een van 'n paar in die land en het bygedra tot die verskuiwing van die fokus van onderrig/opleiding van 'n suiwer professionele grondslag tot 'n gekombineerde professionele en onderwysgrondslag deur intense personeelontwikkeling.

Die Fakulteit beskik oor 'n aantal eenhede van nasionale belang. Die Nasionale Beheerlaboratorium is die enigste entstoftoetsingslaboratorium in die land wat geëvalueer is om entstoftoetsing vir die Wêreldgesondheidsorganisasie te doen. Die Sportlaboratorium is in die Departement Farmakologie gehuisves en toets monsters vir verbode middels vir verskillende sportsoorte.



Prof. Leticia Moja, Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die UV was die eerste universiteit in Suid-Afrika wat 'n vrou in hierdie posisie aangestel het.



Prof. André Venter, Hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, met 'n pasgebore baba. Die departement is die voorsiener van gesondheidsorg aan meer as 'n miljoen kinders in sentraal Suid-Afrika.

'n Baie trotse span wat met die eerste prys in die geskrewe voorlegging afdeling op die 16de All Africa Human Rights Moot Court Competition in Senegal weggestap het. Van links is: me. Qaqamba Vellen (LL.B.-student), prof. Johan Henning (Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid), prof. Loot Pretorius (Hoof: Departement Staatsreg en Regsfilosofie), me. Lucy Nthotso (LL.B.-student), me. Thapi Matsaneng (dosent en spanleier) en mnr. Johnny Modipa (LL.B.-student).



## *Fakulteit Regsgeleerdheid*

Sedert die aanstelling van die eerste lektor in regte 100 jaar gelede, het die Fakulteit een van die mees vooraanstaande fakulteite van regsgeleerdheid in Suider-Afrika geword. Dit is een van die oudste in die land en die enigste regs fakulteit in die regshoofstad van Suid-Afrika.

Tien regters en appèlregters dien as buitengewone professors en ereprofessors. Hulle vorm ook die hoofsteun van 'n advieskomitee wat formeel aangewys is as die Collegium Iurisprudentium. Hulle dra op onmeestlike wyse by tot die hoë gehalte van onderrig en navorsingsuitsette van die Fakulteit.

Een van die unieke inisiatiewe van die Fakulteit is die Sentrum vir Finansiële Beplanning. Die Sentrum bied 'n nagraadse diploma aan, asook 'n gevorderde nagraadse diploma. Meer as 'n duisend studente registreer jaarliks vir hierdie kwalifikasies. Hierdie studies word onderneem met die oog op uiteindelijke lidmaatskap van die Finansiële Beplanningsinstituut en om aan die statutêre vereistes vir verskaffers van finansiële adviesdienste te voldoen. Hierdie inisiatief is versterk deur die goedkeuring van die nuwe B.Iur.-graad in Finansiële Beplanningsreg en sal voorgraadse studente vir die twee nagraadse diplomas in Finansiële Beplanningsreg voorberei.

Sedert 1992 is die Fakulteit 'n instelling wat verantwoordelik is vir die jaarlikse Internasionale Simposium oor

Georganiseerde en Ekonomiese Misdaad. Dit is een van die min fakulteite wat beide 'n finalejaar-LL.B.-vak en 'n gekose LL.M.-vak in hierdie gespesialiseerde, maar hoogs aktuele veld aanbied. Hierdie vakke word doseer deur praktiserende advokate asook wêreldberoemde spesialiste van die Verenigde Koninkryk (VK) en die Verenigde Nasies (VN), naamlik prof. B.A.K. Rider van die Universiteit van Londen en dr. D. Jayasuriya wat reeds vir verskeie VN-agentskappe oorsê gewerk het.

'n Ander unieke inisiatief is die LL.M. in Genderregte befonds deur die Fordstiging, wat studente van regoor Afrika in staat stel om op 'n nagraadse vlak aan die UV te studeer.

Hierdie fakulteit het betekenisvolle navorsingskundigheid in:

- onder meer ondernemingsreg, entrepreneursreg, vennootskapsreg en korporatiewe reg in sy Sentrum vir Sakereg;
- menseregte, staatsreg en kinderregte in sy Sentrum vir Menseregtestudies;
- ekonomiesemisdaad-kwessies in sy Navorsingseenheid oor Ekonomiese Misdaad;
- arbeidsreg en swart ekonomiese bemagtiging.
- Personeellede was nou betrokke by die hervorming van Vennootskapsreg in die VK en Maatskappyereghervorming in Suid-Afrika en die VK.



Prof. Johan Henning,  
Dekaan: Fakulteit  
Regsgeleerdheid.



Die Universiteit van die Vrystaat het eredoktorsgrade aan me. Maria Ramos (links, voor), groep- uitvoerende hoof van Transnet, en prof. Sampie Terreblanche (regs, voor), bekende akademikus, toegeken.



'n Skildery van die vorige kanselier van die UV, Me. Winkie Direko (wat ook voorheen premier van die Vrystaat was), is in die UV-Raadsaal onthul. Hier is me. Direko by regter Faan Hancke, voorsitter van die UV-Raad, en dr. Charles Nwaila, Direkteur-generaal van die Vrystaatse provinsiale regering.

## Fakulteit Teologie

Met die viering van sy 25<sup>ste</sup> jaar van bestaan in 2005 is hierdie die jongste van die ses fakulteite by die UV. In baie opsigte het die Fakulteit homself gevestig as een waarmee rekening gehou moet word, synde die enigste instelling in die middel van die land te wees wat 'n volledige teologiese opleiding aanbied.

Die Fakulteit bied teologiese kursusse in alle teologiese dissiplines aan, van 'n voorgraadse sertifikaat in Teologie tot op Ph.D.-vlak. Dit word gedoen uit 'n hervormde teologiese tradisie en met ekumeniese openheid.

Alhoewel dit beteken dat teologie uit 'n spesifieke tradisie en etos onderrig word, is studente van alle kerke welkom. Op voorgraadse vlak het ons formele ooreenkomste met verskeie kerke om predikante vir die onderskeie evangeliebedienings op te lei. Die diversiteit onder ons studente kan die duidelikste op nagraadse vlak gesien word. Nie net trek ons studente uit 'n verskeidenheid van denominasies nie, maar internasionale studente vorm 'n betekenisvolle aantal van ons studente. Hulle is afkomstig uit lande soos Korea, Zambië, Angola, Namibië, Duitsland en die Verenigde State.

Sedert ons aanvanklik as 'n nagraadse fakulteit begin het (studente moes eers 'n baccalaureusgraad van 'n ander fakulteit behaal het voor hul kon inskryf),

bly die Fakulteit se sterk punt sy nagraadse studente. Sestig persent van ons totale aantal studente is nagraads wat aan die Fakulteit 'n uitstekende navorsingsrekord verleen. Alhoewel die Fakulteit uit minder as twee persent van die UV se navorsingspersoneel bestaan, het dit nege persent van die totale navorsingsuitsette in 2007 produseer. Dit is dus geen wonder nie dat vier van die Fakulteit se personeel C-graderings van die Nasionale Navorsingstigting ontvang het.

Die Fakulteit se geakkrediteerde akademiese vaktydskrif, *Acta Theologica*, verskyn twee keer per jaar. Gedurende die afgelope twee jaar, buiten die normale twee uitgawes, het verskeie addisionele supplementa verskyn. Aan een van hierdie supplementa is die Stals-prys van die SA Akademie toegeken. *Acta Theologica* is ook die eerste, en tot dusver die enigste, teologiese vaktydskrif in Suid-Afrika wat ingesluit is by die gesogte International Science Index – 'n reuse-prestasie.

Buiten vir verskeie navorsingsgenote, het die Fakulteit ook twee buitengewone professore die afgelope twee jaar aangestel – een vir Bybelse Spiritualiteit en een vir Professionele en Navorsingsetiek, beide hiervan is vinnig groeiende belangstellings- en navorsingsvelde in teologie.



Prof. Francois Tolmie,  
Dekaan van die Fakulteit  
Teologie.



Navorsing oor nano-tegnologie aan die UV het 'n inspuiting gekry met deurbraak-navorsing wat 'n meestersgraadstudent in Mikrobiologie gedoen het. Dr Olihile Sebolai het smeermiddels ontdek wat kan help met die beweging van nono-robotte deur die menslike liggaam. Sy ontdekking het die aandag gelok van wetenskaplikes wêreldwyd, asook van die internasionale media, soos Reuters.

# Navorsing

Die UV het 'n besondere navorsingsrekord wat bewys dat grootte en plek geen hindernis in die weg van uitnemendheid is nie. Die UV word inderdaad hoog aangeslaan in Suid-Afrika, en kan spog met meer as 75 wetenskaplikes wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer is, insluitende internasionaal erkende navorsers.

Die UV het in onlangse jare betekenisvolle finansiële en menslikehulpbron-investeringe in navorsingsontwikkeling gemaak en het ook die Direktoraat Navorsingsontwikkeling gevestig.

Die UV sit sy sterk punte om in geld met die ontwikkeling van ses strategiese akademiese klusters om multidisiplinêre benaderings tot navorsing te fasiliteer, asook onderrig en leer en gemeenskapsdiens.

Die strategiese klusters is die volgende:

- Waterbestuur in waterskaarsareas;
- Nuwe grense in armoedevermindering en volhoubare ontwikkeling
- Transformasie in hoogs diverse samelewings
- Tegnologie vir volhoubare gewasbedrywe in semidroë streke
- Materiale en nanowetenskappe
- Gevorderde biomolekulêre stelsels

Die Klusterinisiatief word ingesluit as een van die institusionele megaprojekte wat die herposisionering van die UV op 'n betekenisvol hoër vlak

oor vyf jaar ten doel het.

'n Toewysing van R28 miljoen oor drie jaar is vir die klusters gemaak. Akademici van ongeveer 30 departemente en tien sentrums en eenhede neem aan die klusterproses deel. Die klusters sluit nagraadse programme in en daar word verwag dat dit sal deurspel na voorgraadse leerprogramme en -kurrikula.

Verwant aan die Klusterinisiatief, het die Direktoraat Navorsingsontwikkeling die proses vir die UV geïnisieer om aan die Nasionale Navorsingstigting se Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI) deel te neem deur die voorgestelde navorsingsleerstoele aan bestaande klusters te koppel. Drie sodanige navorsingsleerstoele is vir 2008 aan die UV toegeken en ten minste nog drie vir 2009. Hierdie leerstoele sal 'n betekenisvolle stukrag aan ons navorsingskapasiteit beteken.

Elke kluster word verder met ten minste een erkende Navorsingsnisarea (RNA) van die Institusionele Navorsingsontwikkelingsprogram (IRDP) van die NNS geassosieer. Agt RNA's is vir die UV in 2007 goedgekeur, die hoogste aantal van alle universiteite in die land. Hierdie RNA's omvat 24 NNS-befondsde navorsingsprojekte, wat 'n gesamentlike totale verbintenis van ongeveer R30 miljoen aan die UV oor die volgende vyf jaar (2008-2012) verteenwoordig.

## Het u geweet?

Die UV is een van slegs ses universiteite in die land wat in 2006 onder die top- 1% van universiteite tel in terme van navorsing. Die studie het die aantal kere aangedui wat 'n instelling aangehaal is oor navorsing in kliniese medisyne en dierewetenskap, wat daarop dui dat die UV 'n instelling van wêreldklas in hierdie twee dissiplines is.

Noe samewerking met die Indiana University-Purdue University in Indianapolis in die die VSA op die terrein van samelewingsdiens, het gelei tot die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan Prof. Robert Bringle (regs) van IU-PU.



## *Samelewingsdiens*

Die UV beskou samelewingsdiens as 'n integrale deel van sy kernbesigheid van onderrig en leer asook navorsing. In 2002 het die UV 'n omvattende samelewingsdiensbeleid aanvaar, een van die eerste universiteite in Suid-Afrika om dit te doen.

Deur samelewingsdiens kan die UV in vennootskap tree met gemeenskappe om oplossings te vind vir die uitdagings wat hulle in die gesig staar, die kapasiteit van die gemeenskap bou en konkrete uitdrukking gee aan die vakkundige betrokkenheid.

Die UV bied meer diensleermodules as enige ander hoëronderriginstelling in Suid-Afrika aan en het die grootste getal studente wat vir hierdie kursusse ingeskryf is. Een sprekende voorbeeld behels die Bedryfsielkunde-studente wat samelewingsdiensprojekte in 2005 onderneem het. Die uitwerking van hierdie projekte op die gemeenskappe en die studente was ongelooflik. Na hul eksamens het 80 studente van die klas van 170 vrywillig aangebied om na die gemeenskappe terug te keer om hul kennis en vaardighede te deel.



In 'n vennootskap met die Vrystaatse provinsiale regering het die Departement Musiek 'n program geïnisieer om musiekonderrig aan kinders van agtergeblewe gemeenskappe te lewer.

'n Student in Bedryfsielkunde bied 'n program vir voorskoolse kinders aan.





Personeel en alumni van die UV het 'n groot rol gespeel in die Springbokke se verowering van die Rugby Wêreldbeker in 2007.

## Sport


Om die algehele ontwikkeling van studente te verseker, bied die UV aan studente die geleentheid om in meer as 22 sportsoorte uit te blink. Oor die jare heen was daar baie uitstekende prestasies in sommige van hierdie sportsoorte wat sportmanne en -vroue gelewer het wat hul merk provinsiaal, nasionaal en internasionaal gemaak het.

Om sport 'n verdere hupstoot by die instelling te gee, het die UV 'n omvattende Sportplan in 2003 aanvaar wat 'n groot herbelegging in fasiliteite en kundigheid aangedui het. As deel van die Sportplan het die UV die Sentrum vir Oefen- en Sportwetenskapdienste gevestig wat die akademiese en sportkundigheid in 'n eenstopdiens bymekaarbring. Die kommersialisering van sport sal die profiel van die instelling nasionaal en internasionaal verhoog.

Die volgende is sommige van die belangrike hoogtepunte in onlangse jare:

- Johan Cronje (1500 m), verteenwoordig Suid-Afrika by die Olimpiese Spele in 2004 in Athene.
- Die pluimbalspan is vir drie opeenvolgende jare as die nasionale kampioene gekroon. Die toppresterder was Chris Dednam wat Suid-Afrika ook by die Olimpiese Spele in Athene in 2004 verteenwoordig het.

- Vyf kovsies het die UV by die spele in Beijing verteenwoordig
- Verskeie voormalige Shimla-spelers het deel gevorm van die Springbokspan wat die Rugbywêreldbeker in 2007 gewen het. Dr. Derik Coetzee van die Departement Menslike Bewegingskunde was die kondisioneringsafriqter van die Springbokspan.
- Burta de Kock was die afriqter van die nasionale Protea-netbalspan. Baie Kovsies het ook nasionale kleure verwerf. Die Kovsiespan het ook op universiteitsvlak uitgeblink.



Die Vroue-sokkerspan van die UV wat al die provinsiale wenners was.

## *In die nuus*



### **Student kry goue medalje**

Pulane Mahloka, 'n finalejaarstudent in Bourekenkunde in die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, was die eerste swart student wat 'n goue medalje as buitengewone finalejaarstudent van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars ontvang het. Hier is sy by mnr. Hendrik van Vuuren en me. Benita Kotzé, dosente in die department.



Prof. Helena van Zyl, Direkteur van die Bestuurskool, en dr. Matthews Phosa, Tesourier-generaal van die ANC, wat ook 'n buitengewone professor aan die Bestuurskool is.

### **Kunsmatige lig vir SA townships**

Die Departement Fisika is betrokke by 'n projek wat lewe in die townships makliker kan maak deur kunsmatige lig te gebruik. Die projek is gebaseer op die gebruik van sonlig om nano-materiale soos sement en verf deur die dag te aktiveer. Snags kan dit lig uitstraal vir gebruik in openbare plekke in huise. Die Raad vir Wetenskaplike en Nuwerheidsnavorsing het R3,9 miljoen beskikbaar gemaak om die projek verder te ontwikkel.



## *Kontakbesonderhede*

---

**Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:**

Tel: +27 (0) 51 401 2173

**Fakulteit Gesondheidswetenskappe**

Tel: +27 (0) 51 401 3739/ 405 3017

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

Tel: +27 (0) 51 401 2369

**Fakulteit Regsgeleerdheid**

Tel: +27 (0) 51 401 2319

[law@ufs.ac.za](mailto:law@ufs.ac.za)

**Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe**

Tel: +27 (0) 51 401 2535

[Dean.sci@ufs.ac.za](mailto:Dean.sci@ufs.ac.za)

**Fakulteit Teologie**

Tel: +27 (0) 51 401 2667

**Navorsingsontwikkeling**

Tel: +27 (0) 51 401 3047

**Internasionale Kantoor**

Tel: +27 (0) 51 401 3219

**Registrateur: Algemeen**

Tel: +27 (0) 51 401 3804

**Universiteit van die Vrystaat**

**Posbus 339**

**Bloemfontein 9300**

+27 (0) 51 401 9111

**Vir algemene inligting:**

[info.stg@ufs.ac.za](mailto:info.stg@ufs.ac.za)

[www.ufs.ac.za](http://www.ufs.ac.za)

